Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-03-03

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN MAART 2021

SKOOLGELDE VIR 2021 – MNR GERICKE

Soos u weet het ons skooljaar nie begin soos dit beplan was nie en glo ons dat dit in die toekoms beter sal gaan. Ek wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan elke ouer wat getrou u verpligtinge nakom.

Hiermee wil ek net onder U aandag bring dat die skoolgelde vir 2021 steeds verpligtend is in terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse skolewet. In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse skolewet kan die skool die verpligte skoolgelde afdwing.

Skoolgelde was reeds betaalbaar vir Januarie, Februarie en Maart 2021.
Skoolgeld word bepaal as 'n jaarlikse bedrag wat betaalbaar is oor 12 maande.

Ek doen hiermee 'n beroep op u as ouer om asseblief hierdie verpligting t.o.v. die skoolgelde streng na te kom. Indien u enige navrae het kontak gerus vir Sonja Fourie by Sonja@lselspark.co.za

SKOOLGELDBETALING 2021				
ITEM		**BEDRAG PER MAAND**	**BETALINGSTYDPERK**	**BEDRAG VIR 2021**
1	Skoolgeld vir enkelkind	1 440	12 Maande	17 280
2	Skoolgeld vir tweede kind	1 440 (2 880)	12 Maande	17 280
3	Skoolgeld vir derde kind	577 (3 457)	12 Maande	6 924

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Maart se skoolgelde is reeds betaalbaar.				
Indien volle skoolgeld vir 2021 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word. (Indien geen betaling tot 31 Mrt gemaak word nie, moet 'n skriftelike reëling met die skoolhoof getref word)				
4	Naskoolgeld per kind	1 000	11 Maande	11 000
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Maart se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
5	Kleuterskoolgeld per kind	1 560	12 Maande	18 720
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Maart se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat baie agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Epos asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na riekie@lselspark.co.za. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

FOTODAG GR 2 TOT 7 – ME ERASMUS

Individuele foto's (R60) en klasfoto's (R30)word geneem op 16 Maart. Leerlinge kan by hulle klasvoog bestel en betaal.

Leerlinge moet asb. netjies aangetrek wees, almal word alleen afgeneem vir die klasfoto (sien onderstaande voorbeeld)



NETBAL – ME LE ROUX

RUGBY – MNR SERFONTEIN

Ons skool se rugbyspanne het reeds hierdie week begin oefen. Ons oefen elke Dinsdag en Donderdag vanaf 13:45 tot 14:30.

Die O/7 en O/8 spanne sal eers op 'n latere datum begin oefen.

NB!! Geen toeskouers word tydens oefeninge toegelaat nie.

COMMUNICATOR/FACEBOOK – ME S DU TOIT

Wil jy deel wees van ons Facebook gemeenskap? Ons deel inligting, prestasies en sommer net lekker wenke. U kan ons vind op Facebook - ***Elspark Elsie.***
Die communicator hou u op hoogte van gebeure by u kind se skool.

Stay Connected

Gaan laai die D6 Communicator af op u rekenaar/ slimfoon op die playstore of gebruik die volgende skakel:

http://www.school-communicator.com/

KOSKAS EN TOEBROODJIES VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE – ME KOMEN

Laerskool Elspark het 'n koskas by die skool waaruit ons vir die leerlinge en hul gesinne voedsel verskaf vir naweke en vakansies. Ons koskas is op die oomblik dolleeg en ons sal graag dit weer wil volmaak vir tye wat ons die kos broodnodig het.

Ons vra dat leerlinge asb. sal deelneem aan ons bring-'n-blik-projek op Vrydae. Indien u bereid is om enige nie-bederfbare kos (bv. blikkies, bad benodigdhede, ens.) te skenk, stuur dit na u kind se registeronderwyser.

Ons het tans 55 leerlinge wat daagliks broodjies by die skool ontvang. Ons benodig asb. u hulp met die maak hiervan. Indien u bereid is om te help voltooi asb. die aangehegte skeurstrokie en stuur dit terug na Me Komen.

MY SCHOOL – ME DELPORT

Ons doen 'n beroep op u as ouers om asb. so gou moontlik te registreer vir 'n "My School" kaart. Met alle aankope wat u doen kwalifiseer die skool vir 'n persentasie van die bedrag asook maandelikse pryse wat u kan wen. U ondersteuning sal opreg waardeer word.

Die aansoekvorm vir 'n MySchool kaart is beskikbaar op die communicator. Ondersteun asb. Laerskool Elspark op die manier.

Die kaart kan gebruik word by: Woolworths, Engen QuickShop, Waltons, Loot.co.za, Flight Centre, Worksheet Cloud, Power24.co.za, Wimpy Carnival Mall, Mugg & Bean Carnival Mall en Mugg & Bean Springs Mall.

GROENPROJEK – ME DELPORT

Leerders kan bydra tot die projek deur leë cartridges na die skool toe te bring. Elke leerder sal 'n spogkaart ontvang na die eerste drie cartridges wat hulle skool toe bring. Alle data word dus deur my ook gehou indien leerders hierdie spogkaart verloor. Vir elke 3 Cartridges wat leerders skool toe bring sal 'n punt afgeteken word. Dus is dit beter om 3 cartridges op 'n slag na die skool toe te bring om kontrole te vergemaklik en om nie leerlinge te na te kom met die beloningstelsel nie.

Baie dankie vir al die ouers en leerders wat cartridges getrou skool toe bring. Leerders sal beloon word hiervoor.

DISSIPLINE - MNR MULLER

Dissipline is nie net goed vir kinders nie, dis ook noodsaaklik vir hul geluk en emosionele welstand. Dissipline is net so broodnodig soos kos en liefde vir die gesonde ontwikkeling van jou kind. Sonder dissipline ontwikkel ons kinders nie die nodige vaardighede om die uitdagings van die lewe te kan hanteer nie.

In teenstelling met wat sommige mense dalk mag dink, is kinders sonder dissipline nie gelukkig nie en veroorsaak dit dikwels dat hul kinders vol woede en verbittering is. 'n Ongedissiplineerde kind is onaangename geselskap en dis vir hul moeilik om vriende te maak.

Die "punishment should fit the crime". Straf moet in ooreenstemming met die oortreding uitgedeel word. Dit help nie om die kind twee maande te "hok" oor hy een aand laat gaan slaap het nie.

Stel beperkinge:

- Stel jou reël wat onderdomstoepaslik is en jou verwagting baie duidelik omskryf.
- Stel 'n duidelike gevolg indien die reël nie nagekom word nie.
- *Wees konsekwent* en hou by jou reël en gekose straf en voer dit deur indien nodig.

Stel die reëls op 'n positiewe wyse. Byvoorbeeld: *"sit jou klere in die wasgoedmandjie"* is beter as *"moenie jou klere op die grond gooi nie"*. Te veel ***"jy mag nie's"*** veroorsaak dikwels woede en verbittering. Wees egter altyd ferm en konsekwent.

Probeer ook om u reëls in 3 areas te verdeel.

Wit	-	Dit is reëls wat buigbaar is soos bv. etenstye.
Grys	-	Dit is reëls wat bietjie onderhandeling nodig het soos bv. die hoeveelheid sakgeld en hoe laat hul tuis moet wees.
Swart	-	Dit is reëls wat nie ononderhandelbaar is nie, bv. jy mag nie jok of vloek nie.

SWART REËL

Ons vra dat ons ouers asseblief sal sorg dat u kind betyds by die skool sal wees in die oggende. Hou by die voorgeskrewe skoolreëls voor in die dagboek oor ons kleredrag en haarstyle.

OPVOEDING - ME GROBLER

Leer jou kroos dr. David Lowry se eenvoudige etiketreëls.

1. Sê "asseblief" wanneer jy iets vra.
2. Sê "dankie" wanneer jy iets kry.
3. Moenie grootmense in die rede val nie.
4. Wanneer jy twyfel of jy iets mag doen, vra eers.
5. Klop aan toe deure en luister of iemand antwoord voor jy ingaan.
6. Sê dadelik ekskuus wanneer jy in iemand vasloop.
7. Wanneer 'n grootmens jou vra om iets te doen – moenie kla nie.
8. Moenie opmerkings maak teenoor 'n ander mens se lyf nie, tensy dit 'n kompliment is.
9. Moet nooit iemand spot nie.
10. Hou jou hand voor jou mond wanneer jy hoes of nies.

DANKBAARHEID

- Dankie Vader vir die wonderlike seëninge wat ons skool elke dag van U ontvang.
- Dankie aan die personeel wat ongelooflike werk in die klaskamers met ons kinders verrig.
- Dankie aan elke ouer wat hul skoolgeld so getrou betaal. Wees verseker ons het dit nodig.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

Geloof •Hoop•Liefde

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Toebroodjies vir behoeftige leerlinge

Ek _____ ouer/voog van _____ in gr ____ is bereid om toebroodjies te maak vir 55 leerlinge _____ keer per kwartaal.

_____ _____

Handtekening Kontaknommer